

Skriflesing: Esegïel 16: 1-35

Teks: **Esegïel 16:14, 34-35**

Sing- Ps. 48:1,5; Ps. 36:1,3; Ps. 123:1,2; Ps. 45:1,8,9

Broeder en suster, ons hoor ontsettende harde dinge in Esegïel . Dermate dat ons later mag voel maar waar is die genade?! Verlede Sondag was dit dan ook die vraag uit die gemeente of die hele aspek en beklemtoning van persoonlike verantwoordelikheid nie mens naderhand sal bring dat daar van die genade van God te klein gedink word nie. Terwyl ons alleen op grond van genade, dankbaar kan wees, maar alleen ook 'n ware dankbare mens besef wat genade is. In my besef van genade en dankbaarheid mag die besef van wat die Here van my verwag nogtans nie afgewater word nie. Esegïel bou hierdie besef van jou en my verantwoordelikheid al hoe verder uit dat in die Afrikaanse vertaling is die opskrif by hfst. 18 dan presies waaroor ons reeds begin handel het- “Die persoonlike verantwoordelikheid”.

As ons dit ervaar dat Esegïel 'n harde saak moet hanteer, daar is harde dinge wat gesê word, dan is dit so, broeder en suster. Selfs het Israel by vandag se hoofstuk 'n verbod op hierdie hoofstuk geplaas. Tot vandag toe is daar 'n besluit van die Jode dat hfst. 16 nie in die sinagoges gelees mag word nie. Die taal, die hardheid, die beelde wat hier gebruik word, vind die Jode kwansuis aanstootlik. As ons dan sou dink dat Esegïel 15 hard is, met die beeld van die wingerdhout en hoe waardeloos hierdie hout in die bos is, as dit nie vrug dra nie, dan staan Esegïel 16 steeds in lyn hoe het dit gekom dat Israel so onvrugbaar geword het. Hoe het dit gekom dat die pragtige vrou van God, want so word Israel geskets, as byna iets van 'n skoonheidskoningin, 'n hemelkoningin kan ons haar ook noem, hoe het hierdie vrou haar lewe verkoop, opgemors, 'n lewe oorgegee aan vers 35- dat hierdie mooie vrou genoem word- die harde woorde van vv.34-35. nl. hoer...

Broeder en suster soos wat hfst. 15 'n gelykenis is, so is hfst. 16 eintlik ook 'n gelykenis. Die waardevolle van die wingerd as dit vrug dra, is die mooie van hfst. 15. Tog het die wingerd net hout kon wys, geen vrug nie. Twee ente van die hout weggebrand, die noord ryk en die suid ryk van Israel en die middelste deel wat oorbly is 'n geskroeiende deel. Die Here laat hierdie vergelyking met sy volk tot 'n verdere vlak beweeg. Waar het die Here met Israel begin?

Die Here wys op hulle begin wat hulle nie graag wil hoor nie. Graag het hulle hulself as nageslag en die kinders van Abraham voorgestel. *Jou afkoms en jou geboorte is uit die land van die Kanaäniete; jou vader was 'n Amoriet en jou moeder 'n Hetitiese vrou...* Israel wat ons al vantevore kon agterkom wat poog om die geskiedenis so oor te bring dat dit hulle moet pas, want weet ons het hulle ook Noag en Job en Daniel uit hulle geskiedenis voorgehou. Om nou te moet hoor my geboorte is nie uit wat ek gedink het nie. Hulle moet hoor hulle is 'n bastervolk met 'n bedenklike verlede. Die Here noem my in die kring van mense wat ek my nie mee wil vereenselwig nie. Amoriet, Hetiet in die Kanaänitiese verband, dit sou hulle seer maak, want die Here praat nie eers oor Abraham as daar oor herkoms gepraat word nie.

En hierdie voorstelling van ons herkoms word in die proses van 'n geboorte uitgebrei, maar die geboorte is nie mooi nie. Baie van die Oosterse volke het by die geboorte van 'n dogtertjie gereken dat dit eintlik nie 'n mens is wat gebore is nie. Sulke babatjies is baie keer somer lewendig begrawe. As 'n man sou vra hoeveel kinders hy het dan word net die seuns getel. Hierdie dogtertjie Israel gebore waar God haar sien uit die kring van mense waar niemand op kan roem nie. Selfs alle roem na die kant van Abraham word uitgesluit want het die pa van Abraham nie maar ook die afgode gedien van die Amoriëte en Hetiëte nie, Abraham het ook niks uit homself om op te roem nie. Toe God hom gevind het, was hy onbesnede en niks beter as enige heiden nie. Dit wat Abraham ontvang het, was enkel en alleen ook net genade. Genade wat besonders is, maar nooit het die genade aan Abraham verleen outomaties deurgewerk dat die volk maar eiegeregtig op dieselfde genade dit hulleself mag toereken nie. Verbondsoutomatisme word deur die Here afgewys!

En dan wys die Here op hierdie kindjie wat so onversorg daargelaat was, self sou dit nooit kon opstaan nie. Die babadogtertjie pasgebore, maar niemand is vir haar jammer nie. Haar naelstring is nie na behore afgesny en versorg nie, geen water was daar om die bloed af te was, geen sout om die sagte velletjie te begin brei nie, geen doek waarin sy toegedraai was nie. In die oop veld, bedoel om nie te lewe nie, weggegooi spartelend, het sy die prooi van honde en wilde katte sou kon word.

Hierdie kind sou in die natuur waarin sy gebore en agtergelaat is nie kon lewe. Die ware lewe is nooit 'n saak van my eie natuur nie, maar broeder en suster as mens

werklik besef wat genade is dan is v.6 genade op genade. Die Here het in hierdie dogtertjie se lewe ingestap- *Ek het vir jou gesê in jou bloed: Leef! Ja, ek het vir jou gesê in jou bloed: Leef!* Genade op genade, daarom moet ons dit twee keer lees, dit staan twee keer. En hierdie dogtertjie wat vir die dood bestem was, broeder en suster sy het geword 'n hemelkoningin, skoonheid wat God haar gegee het in die liefde wat daar by God is. As die Here sy vleuels van sy verbond oor haar spreid dan word sy mooi gemaak. Die hemelse grimering waarmee hierdie vrou na vore kon kom sou niemand kon miskyk nie. Dit word van alle kante beskryf hoe hierdie vrou na haar Man wat God is, sou kon uitsien. Vers 8 se einde staan in die mooiste huwelikstaal- *Ja, Ek het vir jou gesweer en met jou 'n verbond aangegaan, spreek die Here HERE en jy het myne geword.*

Dit pas ons broeder en suster, om te besef, die mooie wat hier in die lewe van die dogtertjie kon gebeur, sy wat 'n vrou geword het, dit is die kerk wat ons hier voor ons sien. Die kerk in die dae van Esegïël kon mooi gewees het. Dit waarmee die Here sy kerk wou versier, soos 'n bruid vir haar man versier, word in Esegïël pragtig beskrywe. Vv.11-13 word sy voor die spieël geplaas, almal wat haar gesien het, kon nie stilbly oor hoe mooi is dit wat hier gebeur het nie. Haar heerlikheid, haar skoonheid het sy uitsluitlik aan God alleen te danke. As ander oor haar sou praat dan is die eerste wat hulle kon sê, hoe mooi is dit nie. Wanneer die kerk in ons tyd na vore kom, hoe wonderlik sou dit kon wees as ons kon sien, hoe mooi is dit nie! Dit wat die Here van hierdie dogtertjie gemaak het, haar in haar skoonheid ingedra, dat sy God se heerlikheid moes uitdra, dit is al wat van haar verwag is.

Vers 15 staan hierdie vrou op en wat lees ons daar – *Maar jy het vertrou op jou skoonheid...* Geliefdes, watter soort vertrou is dit. Om nie meer op God te vertrou nie, maar om te vertrou op dit wat God jou gegee het. God het haar die skoonheid gegee, wat eintlik haar vertrou in God moet verdiep, maar hierdie kerk wat Esegïël deel van was, die kerk word die bose in hierdie wêreld. Sy vertrou op haarself, afgebeeld in haar skoonheid. Die kerk word boos, dit klink dalk nie aanvaarbaar om só iets te sê nie, maar het Christus nie ook van die kerk in sy tyd gepraat dat 'n bose en owerspelige geslag die kerk uitmaak nie. Matt. 12:39- *... 'n Slegte en owerspelige geslag soek na 'n teken, en geen teken sal aan hom gegee word nie, behalwe die teken van die profeet Jona.* Boos kan die wêreld ook wees en dit is die wêreld in baie opsigte, maar die

byvoeging van Christus om ook te sê owerspelig- dit laat ons besef die wêreld kan van owerspeligheid nie beskuldig word nie. Dit kan slegs van die vrou van die Here gesê word, nie vir hulle buite die kerk nie. Dit wat die verbond is, die huwelik van God met sy kerk maak dat alleen die kerk in die sonde van owerspel betrap kan word. En so is hierdie vrou betrap.

Sy kies in die plek van die Here dit wat vanaf vv15-34 op uitgebrei word. Sy het haar aan ander opgedring. Ons lees v.15- *en jy het jou hoererye uitgestort op elkeen wat verbygaan het, dat dit syne kon wees.* Daardie woord jy is MYNE in v.8- *jy het myne geword* ontmoet die skille kontras, waar sy nou wil wees- SYNE... Broeder en suster, dit is wat die Here bedoel as ons dan in ons teksverse lees dat die kerk tot 'n teendeel van wat dit bedoel is om te wees, kan ontaard.

Die verval tot teen-natuurlike sonde is wat ons hier moet besef. V. 34, ons teksvers gebruik die woord- *teendeel* twee keer. Net hierdie enkele woord is geweldig. In die Hebreeus staan die woord hiervoor- *hephkek*- om 'n totale ommeswaai te maak- wat ook dui op hoe hierdie sonde in Israel sy loop geneem het. Wanneer iemand teen die wet van die Here ingaan, dan is dit onnatuurlik. Mense moet nie wil glo dat dit natuurlik is dat ons sondaars is nie. Die Wet van die Here is nie 'n drukgang of 'n tregter wat die mens in wat die natuurkragte is jou daarvan wil beroof nie. Die ontsier en ontnem nie die skepping van God van sy skoonheid nie. Dit wil die Wet nie doen nie. Inteendeel die Wet wil ons daardie dinge gee waarmee die vrou van die Here haarself mee kan versier- lig en lewe en vryheid. Wanneer geloof, hoop en liefde deur die Wet nagevolg word, is dit juis 'n beskerming van wat God aan ons gegee het. Dit beskerm die natuur en laat dit ontwikkel en maak dit vol.

Om in die sonde te val soos wat ons hier met die vrou van die Here gekonfronteer staan dit is teen die natuur, ja dit is onnatuurlik. Nou laat die Here ons hieroor ook nie in die duister nie. Rom.1 wys hoe die onnatuurlike, die teen-natuurlik kan word. Dit groei gewoonlik van kwaad na erger want is daar iets wat in die lewe stilstaan? In die geval van Rom 1 wys die Here deur Paulus hoe dit gebeur dat 'n man sy vrou verlaat, dit wat die natuurlike was gebeur nou teen-natuurlik. Die man neem 'n ander vrou, die vrou neem 'n ander man. Die ontrou wat in die huwelik kom is onnatuurlik. So begin man en vrou wat owerspel pleeg hulleself al hoe vêrder weg te trek van wat dit moet wees.

Die onnatuurlike gaan dan so vêr, dit word teen-natuurlik, dat manne met manne skandelikheid bedrywe en vrou met vrou skandeliklike dinge doen. Die onnatuurlike word die teen-natuurlike. Die teendeel wat ons in Esegïel 16 van lees is werklik nie hoe dit moes wees nie. Die teen-natuurlike het gebeur. Die skone vrou Israel, het die teendeel geword van wat die Here van haar verwag. Hierdie brutale sonde gebeur nie daarbuite nie, maar in die kerk.

So ernstig sondig die kerk in die tyd van Esegïel, dit word teenoorgestel van wat dit bedoel was om te wees. Die verandering is so ingrypend, dit word die teendeel. Kan sulke verandering goed wees, broeder en suster, in 'n tyd waar mense so daarop aandring dat die kerk moet verander! Om so te verander, dat sy word die teendeel. In Psalm 22 het ons dieselfde gebeure op so aangrypende wyse, as ons hierdie Psalm in vv15-16 lees. In v. 15 is dit water waarvan gepraat word- *Ek is uitgestort soos water...* daar is 'n wegvloei van wat jy moet wees. In Esegïel 7:17 het ons ook gelees hoe almal se knieë sal wegvloei soos water... alreeds dit wat nie moet wees nie, maar nou so teenoorgestel soos droogte van water is, so word die kerk die teendeel. Ps.22:16 word dit nou alles behalwe water wat wegvloei, maar die mens se lewenssappe verander in 'n somerdroogte. Die mens se lewenskrag word in die Psalm voorgestel as sou dit soos sappe wees wat deur jou liggaam vloei. As die sappe opdroog dan droog jou krag op. Die proses van as dit wegvloei dan bring dit droogte. Keer die wegvloei om die droogte te keer!

In die kerk van Esegïel wys die Here hierop. Die sap het nie maar net weggevloei nie, dit word die teendeel. Dit word kurkdroog. Dit het in die teendeel verander. Vroue wat die rolle van mans wil vervul, in hierdie sondespel wil die vrou nie wees dit wat die Here vir haar bedoel het om te wees nie, so uniek, so wonderlik die skoonheid wat God aan haar gee maar die vrou word aangestel asof die teendeel net so goed is, asof sy maat net sowel 'n man kon wees. Hoe langer hoe meer die kerk hierdie spel speel van om al meer die teendeel te wil word, om al meer nie net onnatuurlik nie, maar teen-natuurlik op te tree, hulle erken dit nie, maar is dit nie wat gebeur nie, broeder en suster? Hulle wil die teendeel word...want hulle eintlike Man, die Here daarbo, Esegïel het van God gehoor, hoe hulle eintlik wég hoereer van die Here af. Hard is dit om dit moet hoor, hoe daar dan met die vreemde gedagtes al hoe nouer omgegaan word. In so 'n situasie word die kerk al hoe meer ontrou.

Die kerk het van haar Man dit wat sy ontvang het, verniet ontvang- ja wanneer die Here as Man sy kerk nader roep, dan was die uitnodiging- *Kom na My almal wat vermoed en oorlaai is en Ek sal julle rus gee- Koop van My, o almal wat dors het, ja kom koop sonder geld en sonder prys, wyn en melk...* In wat die kerk ontvang het van haar Man is dat die Man vir haar betaal het. Hoe vreemd dat 'n ryke Koning vir 'n vreemde optelkind betaal. Is dit nie wat God vir ons gedoen het nie, broeder en suster?! Hierdie Man, Jesus Christus, het betaal om die kerk nog weer sy bruid te maak. Hy het met Homself betaal, met sy eie bloed het Hy betaal. God het waarlik gedoen wat geen ander man kon doen nie, om die kerk sy bruid te laat wees. Hy die Man van die verbond, Jesus Christus waarin Hy vir alles wat nodig is, klaar betaal het. Sy genade het vryelik die kerk sy eiendom gemaak en dit is al kerk wat daar kan wees, hulle wat deur God gekoop is, die Here het vir sy kerk, sy bruid betaal.

Om jou eie skatte, eie planne, eie idees, jou eie skoonheid voorop te stel, sy vertrou op haar skoonheid is die begin van om jousef soos 'n prostituut op straat te plaas, waar jy hoop om deur ander raakgesien en opgelaaie te word. Is dit die posisie waarin die ware kerk mag verkeer, broeder en suster?! Dit mag tog nie, dit is so vêrgesog dat die kerk haarself in die posisie kon plaas, maar dit het gebeur en dit kan nog weer gebeur. Sy bied haar skoonheid aan in lyn met die skoonheid van ander vroue en raak tog so bang dat sy nie meer in tel sal wees nie, dat ander haar nie meer sal raaksien nie.

Geliefdes, ons moet vandag besef dat Esegïël gee in hierdie hoofstuk 'n baie realistiese teken van hoe kerke hulle soos goedkoop vroue kan gedra. Ons praat dalk nie maklik daarvoor nie, daarom dat Joodse Skrifgeleerdes die lees van hierdie hoofstuk in die sinagoge verbied het, maar tog besef ons, ons is verplig om hieroor te moet praat as die kerk die teendeel begin word, absoluut teenoorgesteld van die mooie wat die Here van hierdie optelkind gemaak het. Die vrou word die rol van die man ingedra, die kelkie word die rol van die beker toegesê, die vrye liederes so vry asof die Psalms blykbaar hierdie vryheid nie ken nie, selfs asof die Psalms geskryf staan as teendeel van Christus. Dis tog nie waar nie. Elke Psalm is Christus se deel, daar is geen Psalm wat die teendeel van Christus is nie. Nou moet ons Christus anders besing as deur die Psalms en dit wat Skrifliedere of dan nou Skrifberyminge is. Snaaks hoe die teendeel bly gekies word. Hoe swaar om dit te moet besef, dit het Esegïël ook swaar getref.

Israel, die kerk in Esegïel se tyd, ja die ware kerk van alle eeue moet dit besef, al het sy aanvanklik die minste skoonheid gehad, sy kon word die mooiste wat daar ooit kon wees. Sy het nie nodig om te kompeteer nie, die Here maak haar wat sy is, maar nou het die kerke in hulleself die kompeterende rol ingeneem, is dit dan nog kerk?! Ons moet dit bly vra....

Hierdie vrou steel by God- v.17 lees ons hoe God sê – hierdie vrou wat Hom verlaat neem nog steeds – *my goud en my silwer, wat Ek jou gegee het en jy het vir jou beelde van manne gemaak en daarmee gehoereer...* Dit raak so erg dat selfs die ergste heidense volke hulle nou vir hierdie volk begin skaam.

Ons moet besef die kerk soos ons hier vandag vergader is, God wil jou Sy heerlijkheid openbaar, God wil jou Sy kerk in haar skoonheid laat sien, elke stukkie van alles behoort aan die Here. Daar is geen goud, geen silwer daar is niks wat goed is wat nie aan die Here behoort nie. Hy wat gesê het, toe Hy dit gemaak het, dit is goed, dit is goed, want dit is Syne, dit behoort aan die Here, daarom is dit goed. Die natuurlike behoort aan die Here, laat ons die teen-deel, die onnatuurlike wat eintlik die teen-natuurlike word nie wil soek nie. Laat ons besef dit wat die teendeel is en word, dit roep teen die hemele, maar u Maker, u Man, Jesus Christus, ons is sy vrou, sy kerk is in hierdie huwelik met God, waar Hy/sy kerk as skoonheidskoningin, hemelkoningin gaan maak, die kerk gaan nog eendag mej. wêreld wees, maar dan gaan die wêreld anders wees. Haar naam sal dan nog weer uitgaan, vanweë haar skoonheid, dit wat ons teksverse gesê het.

AMEN